TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 2/2/2017 **Datum: 4 Mei 2017**

Uit die kantoor:

Geen nuus is hopelik goeie nuus.

Ons fokus die kwartaal op die waarde van respek en spesifiek vir mense, ons eie en die omgewing.

Ons klasreëls

BELANGRIKE DATUMS:

5 Mei: Die entrepreneursdag begin om 8:00 en eindig om 10:30. Uitstallers kan reeds vanaf 7:00 by die swembadhek inkom om julle stalletjies gereed te kry. Bring asb julle sakgeld en ondersteun julle maats. Die leerlinge kan met gewone klere kom en betaal R2 vir die voorreg. Hierdie geld skenk ons vir liefdadigheid.

Rugbykliniek. Die seuns het die inligting gekry.

0/12 & 0/13 Rugbyproewe by Grey se Tom Mixvelde.

0/12 & 0/13 netbalproewe by Fichardtpark

8 Mei: Normale buitemuurse aktiwiteite

9 Mei: Skaakliga

10 Mei. Rugby- en netballiga teen Fichardtpark.

Seniorkoor optrede by Laerskool Bloemfontein. Koorlede het 'n kennisgewing ontvang.

VERJAARSDAE & MEELEWING

Me Elsabé Claassen (Kleuterskoolhoof) het 'n operasie ondergaan. Ons bid vir algehele herstel.

6 Mei: Mev Almaret Liebenberg (Kleuterskool sekretaresse) verjaar.

SKOOLGELD

Is u skoolgeld op datum? Skoolgeld is betaalbaar voor of op 7 Mei. Ouers wat agterstallig is gaan eersdaags 'n aanmaning ontvang. Baie dankie aan die ouers wat stiptelik en gereeld betaal.

Tjokkies-Itec Gholfdag

Spelers wat wil inskryf moet so gou as moontlik die Kleuterskool kontak, die baan raak vinnig vol.

Die Gholfdag vind plaas op Vrydag, 26 Mei 2017.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

SNUFFELS

Smartschool ekstra klasse

Ons bied middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur 'n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer.
Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

Moedersdagete: Villa Avianto
14 Mei om 12h00
Kom bederf mamma met heerlike middagete waar die gesin saam kan kuier.
Kostes: R220 p/p
Kinders: laerskoolkinders halfprys
Skakel 083 329 4872 vir bespreking.

SOKKIE KLASSE VIR GRAAD 7 - 12 LEERDERS
Kom leer hoe maklik en lekker dit is om te SOKKIE! Sokkie met selfvertroue!
PLEK: Dance Domination Dance Studio, Henriëtte Grove Str 6, Lhp
DATUM: Vry, 12, 19, 26 Mei en Vry, 2 Jun 2017
TYD: 18h00 – 19h30
KOSTE: R500-00 per persoon vir 4 x klasse van 1 ½ uur elk.
KONTAK: Manulani – 0844606071 OF
Michelle - 0826111135

PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS TOETSROOSTER:

12 MEI 2017 – 19 MEI 2017

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
12 MEI VRYDAG				NW/TEG
15 MEI MAANDAG	AFR	AFR	AFR	AFR
16 MEI DINSDAG	ENG	ENG	ENG	ENG
17 MEI WOENSDAG	WISK	WISK	WISK	WISK
18 MEI DONDERDAG	NWT	NWT	NWT	EBW
19 MEI VRYDAG	SW	SW	SW	SW

SNUFFELS

Baie betroubare huishulp soek werk vir een of twee dae per week. Sy werk deeglik en netjies, goed met kinders. Skakel Shani 0824965051

Moedeloos oor jou kind se rapport? Gr 4 - 7
Ons kan jou kind help deur die regte studiemetodes toe te pas. Boek jou plek nou!
Kursusdatums: 6 Mei en 13 Mei
Kontak: info@bio-link.co.za
Marlize Robberts 082 905 4525
Karin Visser 082 570 6024

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge!
Ondersteun hulle asb.



PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com